*Sondag* **22 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 23:1-6 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:3-6**
**God se barmhartigheid in sy troue bewaring**

Die tweede deel van Psalm 23 openbaar die HERE se barmhartige bewaring: *"Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil"* (vs 3). Die HERE los ons nie op ons eie pad nie. Deur sy Gees lei Hy ons om te wil leef volgens sy Woord en om Hom daarin te eer.

Gister het ons gelees die HERE sorg vir sy skape – in goeie en in slegte tye. Daarom kan die gelowige sê: *"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my"* (vs 4).

Dit alles wys na Christus wat die dood oorwin het. Hy is die Goeie Herder wat sy lewe vir sy skape aflê. Hyself het die diepste dal betree toe Hy aan die kruis geroep het: *"My God, My God, waarom het U My verlaat?"* (Matt. 27:46). Gelowiges kan weet dat die HERE ons selfs in die donkerste tye nie sal los nie. As Herder sal Hy my met sy stok en staf bewaar. Hy vertroos in tye van pyn en lyding – ook wanneer ons met dood gekonfronteer word.

Vanaf vers 5 verander die beeld van Herder na Gasheer wat ons in sy versorging en bewaring in Christus seën. Elkeen wat in Christus is, ontvang die HERE se ewige verbondstrou. Sy barmhartige bewaring is tot in ewigheid: *"Ek sal in die huis van die HERE bly tot in lengte van dae"* (vs 6). Christus, ons Goeie Herder sê: *"Niemand sal hulle uit my hand ruk nie"* (Joh. 10:28). Elkeen wat aan Hom behoort, word tot in ewigheid veilig bewaar.

Hou dan gelowig vas daaraan dat die HERE jou te alle tye versorg en bewaar. Deur elke storm van die lewe sal Hy jou versorg en in Christus vir die ewigheid bewaar.

*Sing: Psalm 23-1:3*
*Ds. GJ (Jonker) Venter (Totiusdal)*